**Sondag 14 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 6:13 – 7:5**
**Fokusgedeelte: Hooglied 7:6**

## ’n Bewondering oor die skoonheid van die vrou se liggaam

In hierdie *derde bewonderingslied* in Hooglied besing die skrywer die skoonheid van sy bruid se liggaam. Hy besing haar hele liggaam op ’n eerlike, respekvolle wyse, sonder enige skroom. Ons liggaam is immers ’n skepping van God, die tempel van die Heilige Gees.

Die vrou se hele liggaam is mooi, begeerlik mooi. Die Hoogliedskrywer verwoord sy bewondering oor haar vroulike liggaamlike skoonheid met vergelykings uit die natuur: Haar voete – so mooi in haar skoene; haar rondings van haar heupe – soos juwele gemaak met kunstenaarshande; haar naeltjie – ’n ronde kom; haar buik – ’n hoop koring met lelies omring; haar twee borste – soos tweeling-takboklammers; haar nek – soos ’n ivoortoring; haar oë – soos die damme by Gesbon; haar neus – soos die toring op Libanon; haar kop – soos die Karmel; en haar hare – soos rooiwol en haarlokke wat bekoor.

’n Poëtiese beskrywing wat die bruidegom in vervoering bring oor die skoonheid en begeerlikheid van sy bruid se liggaam. Teenoor die sondige vleeslike begeerte en sinlike lus waarvan die Skrif op baie plekke melding maak – dink maar aan Galasiërs 5:16, 19 wat praat van onreinheid en ongebondenheid – vind ons in hierdie eerlike bewonderingslied van die bruidegom oor sy bruid ’n *edele, eerlike lied oor die huwelik*. Die vroulike liggaam is ’n bekoorlikheid wat God geskep het!

So moet die heilige huwelik wees: ’n geestelike en liggaamlike eenheid in die Here.

*Sing: Psalm 45-1:1, 9*

*Ds. NJ van der Walt (Nic) (emeritus)*